Klein Lochieland

Nuusbrief Graad R en RR

Lourensrivierweg / Posbus 124
STRAND
Tel: 021-8548592
E-pos:
adminkleinlochieland@lochnerhof.co.za

2024-10-04

Liewe Ouers

Welkom terug na die kort vakansie! Ons sien uit na die laaste kwartaal om die kleuters finaal voor te berei vir hul volgende graad.

EKSTRA KLERE
Maak seker u stuur ‘n ekstra stel klere saam skool toe. Die weer verander so vinnig en dan kry die kinders warm/koud. Stuur maar iets vir elke seisoen.

GRAAD R-INLIGTING:

MARKDAG: VRYDAG 11 OKTOBER
Om by ons tema *Geld* aan te pas, wil ons graag op Vrydag 11 Oktober ‘n Markdag hou. Kostes beloop R40-00 per kleuter. Stuur die korrekte bedrag asb. in ‘n toegeplakte koevert met u kleuter se naam daarop voor Woensdag 9 Oktober, skool toe. Die kleuters gaan die geleentheid kry om elkeen “self” items te koop en te verkoop. Die items word deur die skool verskaf.

OORSLAAPAAND (slegs vir Graad R)
Ons jaarlikse oorslaapaand vind op Dinsdag 10 Desember plaas. Die kostes beloop R200-00 per kleuter en moet asb. voor Vrydag 22 November betaal word. Plaas die korrekte bedrag in ‘n koevert met “oorslaapaand” en u kleuter se naam voor-op, asb. Daar is heelwat aankope wat ons vir dié aand moet doen (Kersvader kom o.a. kuier, ons verskaf aandete en ander verrassings wat ons graag “geheim” wil hou).
Ons sal later volledige inligting oor die aand gee. Dit is ‘n hoogtepunt in die kleuters (en juffrouens) se jaar!
LET WEL: Onderwyseresse en assistente slaap saam met die kleuters in die klasse en daar sal ook verantwoordelike persone wees wat die terrein gedurende die nag patrolleer.

Ons tema vir volgende week is:	**GELD**	
Ons persepsies is:	Getal:	**9 en negende**
	Klank:	**t-klankie**
Oefen:	**Veters vasmaak**	
Assessering:	**Dae van die week** **Seisoene** **Maande van die jaar** **Adres** **Selfoonnommer** **Bal “dribble”** **Bal bons** **Gooi en vang die bal**	
Maandag 7 Oktober:	***Bring ‘n uitgeknipte prentjie van ‘n t-klankie, asb.*** ***Alle rapporte en koeverte moet terug by die skool wees, asb!***	

Dinsdag	8 Oktober:	Ons maak ons eie munte en note
Woensdag	9 Oktober:	Skryf ‘n inkopielys Ons besoek die Laerskool en luister na ‘n *Colgate* praatjie
Donderdag	10 Oktober:	Vou en versier jou eie beursie
Vrydag	11 Oktober:	***Markdag! Ons koop en verkoop***

GRAAD RR-INLIGTING:

Ons tema vir volgende week is: **WATER**

Ons persepsies is: Getal: **2**
Klank: **n-klankie**

Maandag	7 Oktober:	Ons verf ‘n swembad
Dinsdag	8 Oktober:	Ons teken die gebruike van water
Woensdag	9 Oktober:	Ons besoek die Laerskool en luister na ‘n *Colgate* praatjie
Donderdag	10 Oktober:	Ons teken die watersiklus
Vrydag	11 Oktober:	Skoolhempie- en lekkertjiedag

Geniet die naweek!

Vriendelike groete
Klein Lochieland Personeel